

**VYFTIEN NUWE
PARADIGMAS
(NO. 7-9)**

ARNO & MARIANNE CLAASSEN

**'N VARS NUWE DENKE OOR
GEMEENTEWEEES! (DEEL 4)**

© KOPIEREG 2010

**ARNO & MARIANNE CLAASSEN
LIFEWISE CONSULTANTS**

UITGEGEE DEUR:

LIFEWISE UITGEWERS

ABSA, Takkode – 334 645
Rekening nommer: 9211 621 868

POSBUS 31288
WONDERBOOMPOORT, 0033

(012) 335 7571
Arno Claassen- 082 460 3024
Marianne Claassen - 082 412 7000

arno@lifewise.co.za

www.lifewise.co.za

DIE REGTE VAN DIE GESKRIF SOOS HY IS, IS IN DIE
HANDE VAN DIE SKRYWER. ENIGE LESER WORD
AANGEMOEDIG OM DIT VIR SOVEEL MENSE AS
MOONTLIK AAN TE STUUR SONDER OM DIE INHOUD
DAARVAN TE VERANDER. DIE INHOUD KAN VRYLIK
VERWERK WORD IN JOU EIE WOORDE EN WEER
GEBRUIK WORD ONDER JOU EIE NAAM!

VOORWOORD

Ek onthou die emosie toe ek die eerste keer 'n selkerk konferensie bygewoon het wat deur oom Ralph Neighbour aangebied was. Daar het *hoop* in my binneste opgestaan en ek het momente gesien wat my aangespreek het. Die momente was die nederigheid van oom Ralph se lewe, die konsep van die kleingroep, die onderlinge liggaamsbediening vanuit liefde en dan die visie na die wêreld toe! Ek het geweet hierdie dinge het gekom om te bly. Selkerk was dan ook nog altyd sinvol solank jy hierdie bestanddele gehad het. Die dele wat my nie so baie aangestaan het nie, was die enorme hoeveelheid papiere en boeke, die baie organisasie en die baie sterk hiërargiese leierskapsmodel.

Ten spyte van die minder goeie dele het ek selkerk aktief nagestreef en moes my eie selgroep drie maal toemaak om weer van voor te begin. Dit was inderdaad nie so maklik om oor te slaan van lering na verhouding uit die hart en uitreiking na mense nie. Toe die sel uiteindelik gewerk het, het hy vier keer die daaropvolgende jaar verdeel! Ek het gesien dat selgroepe met sellewe daarrondom uitstekend is, maar ook gesien dat min mense dit regkry om 'n suksesvolle selleier te wees. Die grootste uitdaging was om uit die hart te lewe en die ongelowiges te gaan haal. In my omswerwinge in Suid Afrika het ek egter gesien dat die meeste selleiers nie daarin slaag nie. Ek salueer 'n selleier wat dit regkry. In dit wat ek nou sien onder die Bhojpuri mense beleef ek nie net hoop nie, maar 'n onbeskryflike opgewondenheid. Hier is baie beginsels en dimensies wat 'n voltreffer sukses is, wat die las van gemeentewees van my afhaal en dit weer terugplaas op die Vader! Die blote sien daarvan maak 'n oorwinningsgees in my los.

DIE VYFTIEN PARADIGMAS

Die vorige drie paradigmas was 'n redelike mondvul en genoeg om al jou fondasies onder jou uit te haal. As jy daarvan gehou het, sal die volgende jou net verder stimuleer. Die tyd vir openlikheid, verandering en geleentheid vir gemeentes om die wêreld te impakteer is hier. Die oes is wit op die land en al wat ons nodig het, is werkers! Ons sal nooit die oes inkry met die huidige hoeveelheid voltydse werkers nie. Elke enkele gelowige is nodig om moue op te rol en aan die werk te spring! Kom ons bou iets waar al die gelowiges kan saamwerk en ons ambisie en kompetisie by die deur uitgooi!

7) DISSIPELSKAP TOT GEHOORSAAMHEID!

Ons het nou al verskeie kere beklemtoon dat Jesus vir die gelowiges net een opdrag gegee het voordat hy opgevaar het, en dit is om die nasies te dissipel. Matt.28:19 “Gaan dan heen, *maak dissipels van al die nasies*, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en *leer hulle om alles te onderhou* wat Ek julle beveel het.” Ons het nog nie die vraag beantwoord oor wat dissipelkap presies behels nie, maar die eindproduk is *gehoorsaamheid* en niks anders nie! In Engels is dit “to disciple them unto obedience”. Die woord dissipel is van die woord dissipline afgelei, wat alles te doen het met gehoorsaamheid. Die mees uitstaande kenmerk van 'n gelowige se lewe behoort inderdaad gehoorsaamheid te wees.

Die siel van die mens bestaan uit 'n wil, verstand en emosie, en van hierdie drie is die wil in beheer van die siel. Watchman Nee het altyd gesê dat ware geestelikheid nie in die verstand of emosie geleë is nie, maar in die wil wat ons

tot gehoorsaamheid moet lei. Ware geestelikeit lê nie in mooi teologie of emosionele ervarings nie, maar in gehoorsaamheid! In die geestelike wêreld mag ons nooit dinge polariseer, uitwerk of teenoor mekaar stel nie, maar ons moet God se orde vind in die koninkryk. Die gemiddelde prediking en kerklike praktyke fokus op genesing en korrekte teologie, terwyl die hoogste prioriteit gehoorsaamheid moet wees! Dit beteken nie die ander is nie daar nie, maar hulle moet in die regte orde herstel word. Niks in die gelowige se lewe sal ooit op die langtermyn vrugbaar wees as dit nie kom vanuit 'n diepliggende behae om aan die Here gehoorsaam te wees nie!

Hierdie saak kom reeds van baie ver in die Ou Testament. Die sondeval het nie plaasgevind toe Adam en Eva verkeerd gedink en verkeerde dinge ervaar het nie, maar toe hulle ongehoorsaam was aan die bevele van God die Skepper! Josua 5:6 - Want veertig jaar lank het die kinders van Israel in die woestyn getrek, totdat die hele volk omgekom het, die krygsmanne wat uit Egipte weggetrek het, *wat nie aan die stem van die Here gehoorsaam was nie*; vir wie die Here gesweer het dat Hy hulle die land nie sou laat sien wat die Here hulle vaders met 'n eed beloof het om aan ons te gee nie - 'n land wat oorloop van melk en heuning." Dit is ook hoekom I Sam.15:22 die volgende sê – 'Daarop sê Samuel: Het die Here *behae* in brandoffers en slagoffers soos in *gehoorsaamheid aan die stem van die Here*? Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer, om te luister beter as die vet van ramme."

II Kon.18:12 verduidelik mooi hoekom alles in die Ou Testament verkeerd geloop het: - "omdat hulle nie gehoorsaam was aan die stem van die Here hulle God nie, maar sy verbond oortree het - alles wat Moses, die kneg

van die Here, beveel het - sonder om daarna te luister en te handel.”

In die Nuwe Testament sê Matt 7:21 – “Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is.” Jesus het self ook in Luk 6:46 gesê: “En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?” Jesus is die Here van die Woord wat afgelei is van heerskappy. Hoe kan jy Hom Here noem, maar nie doen wat Hy sê nie?! Hand.5:29 - En Petrus en die apostels antwoord en sê: Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense.

Die doel van die evangelie is nie net dat mense dit moet hoor en dit bewonder nie, maar dat hulle hulle lewens dienoreenkomstig moet aanpas en in gehoorsaamheid aan die stem van die Vader moet lewe! Die westerse mens wil vry en onafhanklik wees, en dit is waarom ons meer as die ander sukkel om mense gedissipel te kry. God is 'n goeie Vader, maar Hy vra jou alles en absolute gehoorsaamheid! “If He is not Lord of all, He does not want to be Lord at all.” As gehoorsaamheid ons fokus in gemeentelewe is, waar is dan ons infrastrukture wat mense leer om Sy geboorte te onderhou en hulle tot verantwoording bring aangaande hulle eie lewens? Ek dink ons het almal iets om oor na te dink en aanpassings om te maak.

8) GEMEENTE IS DIE SENDING!

Dit klink arrogant om te beweer dat daar vyftien areas in hedendaagse gemeentelewe is waar ons radikale aanpassings sal moet maak, maar ons praktyk bewys dit. Die volgende paradigma is net so verreikend van aard vir

ons gemeentepraktyke en vir die taal wat ons as gelowiges gebruik. In kort kom dit daarop neer dat die gemeente in beginsel nie 'n sendingdepartement moet hê nie, want die hele gemeente is die sending en konstant op 'n sending! Daar is nie net 'n paar mense wat uitgestuur word en daarom sendelinge genoem word nie. Alle gelowiges is gestuur en dus voltydse sendelinge. Jy is nie 'n sendeling omdat jy 'n gemeente verlaat en in 'n ander heidenland die evangelie gaan verkondig het nie. Jy is 'n sendeling as jy uit die donker heidenwêreld kom, jouself tot God bekeer het en Hy jou as gelowige terugstuur om die ander daar te gaan haal.

Dit is nie die plek, land of aard van jou werk wat jou 'n sendeling of 'n gestuurde maak nie, maar die feit dat jy 'n gelowige of dissipel is! Alle gelowiges is gestuurdes en veronderstel om konstant aan die uitgaan te wees op soek na ander ongelowiges! Om 'n sendeling te wees het niks met jou beroep te doen en of jy dink jy voltyds of deelyds is nie. In die koninkryk is alle gelowiges voltyds, want voltyds word nie volgens tyd of tipe werk gedefinieer nie, maar volgens fellowship. Ek is volgens I Kor.1:9 voltyds geroep tot fellowship met Jesus Christus as my bruidegom. My *roeping* is om voltyds te fellowship, maar my *opdrag* is om heen te gaan en die ander te gaan haal.

Dit is nie net belangrik om te besef dat ons as gelowiges almal 'n sending het nie, maar ook dat ons nie elkeen ons eie sending het nie! Ons is almal deel van God se sending en nie ons eie sending of bediening nie! Ons is nie hier om ons eie unieke bedienings te inisieer nie, want ons het 'n opdrag om by die sending van die Vader aan te sluit en heen te gaan. In ons wêreld is die woorde "kom dan hier" baie meer bekend as "gaan dan heen". Die Vader is op 'n sending na die wêreld en Hy nooi ons om by Sy sending aan te sluit. As jy die Vader aanvaar in jou lewe, aanvaar

jy ook Sy sending, want dit is Sy lewe om uit te reik na diegene wat nog nie Sy liefde ken nie. Die kerk het nie 'n sending om uit te voer nie, maar is 'n uitvloeisel van die Vader se sending in Sy Seun en word daarom die sending op aarde! Die sending gaan gemeentewees vooraf, want die gemeente het uit God se sending ontstaan! Die gemeente kry nie 'n sending iewers langs die pad nie. Die gemeente het uit die sending ontstaan en kan net voortbestaan solank haar hart by die sending is!

Jou verantwoordelikheid as gelowige is nie om in die eerste plek by 'n gemeente aan te sluit nie, maar by 'n sending. As jy by die sending aangesluit is, sal jy ook by die gemeente aangesluit wees. Daar is wel gemeentes sonder 'n sending, maar 'n sending lei altyd tot 'n gemeente! As die Vader dan gegaan en Sy lewe gegee het, hoekom sit ons die hele tyd in gemeentes en luister na een man wat gestuur is? Daar is kwalik enige vorm van gemeentewees waar ons nie sit en luister na een man op sy sending wat met ons praat oor sy bediening nie. Ons is konstant besig om by ander gelowiges se bedieninge aan te sluit, in plaas daarvan om die sending te ontdek waarin ons tot geboorte gekom het vanaf die eerste dag. Die advertering en kompetering van elke bedienaar om 'n plekkie te vind met SY bediening het net tot stryd en naywer gelei in die liggaam.

Wanneer jy met die Vader se sending besig is, is dit maklik vir enigeen om saam met jou te gaan en niemand kan iets by jou steel nie, want niks van jou sending of bediening behoort aan jou nie! Alle ambisie kom uit gelowiges se bewussein van hulle eie sendings en omdat hulle nog nie eksklusief by die Vader se sending aangesluit het nie. Daar is ook net een ding wat elke gelowige gemotiveerd sal hou en dit is die hart van die sending self! Geen preek of prediker kan enige gelowige gemotiveerd hou nie. As dit

waar is, is dit tyd om op te hou preek vir gelowiges en hulle uit te stuur om die sending te gaan uitvoer wat hulle in hulle wese rondra! Jy kan nie gelowiges probeer motiveer vir gemeentewees nie, want gemeentewees is net die middel tot die doel! Die ontdekking van ons doel bring motivering in die hart. Jesus het elkeen wat na Hom gekom het op 'n sending geplaas. Waarom doen ons dit nie? Dit is die sending self wat gelowiges volwasse laat word en nie die programme en prediking van gemeentewees nie!

9) PRAKTYK EN WOORD OPLEIDING!

Wel, die goed kan 'n mens tot in jou fundamente uitdaag, maar ten minste is dit nou die regte tyd daarvoor! Die oes is op die land en moet net afgehaal word. Ons het geen groeiwerk daaraan nie. Minstens die helfte van die volgende paradigma sal nie te ernstig vreemd vir die meeste van ons wees nie. In ons gemeentewêreld is opleiding van geweldige belang en daarom sien jy orals "training tracks", herderlike prosesse en reekse kursusse wat nodig is vir gelowiges. Ek het redelik kontak met verskillende gemeentes en ek moet sê die meeste van dit wat ek gesien het, is definitief goed tot baie goed. Die leiers in die liggaam het uitstekende materiaal geproduseer wat van hoogstaande gehalte is. Daar is so baie dat jy soms nie weet waar om te vat en waar om te los nie!

Die dinamiek wat jy egter oes as jy vir mense baie materiaal en kursusse aanbied, is dat hulle kennisvlak baie styg, maar nie noodwendig hulle ervaring van dieselfde kennis nie. Hulle kan nie die inligting so vinnig internaliseer as wat dit inkom nie. Boonop is die meeste gemeentes en gelowiges nie baie op die praktyk gefokus nie en sal die volgende kursus al kom sonder dat ons seker gemaak het dat die vorige geïnternaliseer is. Volgens I Kor.8:1 maak

die kennis opgeblase, maar die liefde stig! Kennis wat nie toegepas is nie gaan oor in hoogmoed! 'n Oormaat kursusse en konferensies maak gelowiges hoogmoedig en demobiliseer hulle vir enige uitreik na enigiens wat minder as hulle weet. Vir hulle lê groei daarin om die volgende groot prediker en groot openbaring te kry en nie om iemand met minder kennis as hulself te gaan dien met wat hulle het nie. Die twee grootste probleme wat ek in die vernuwingswêreld gesien het, is *hoogmoed* en *teleurstelling*. Eers word ons hoogmoedig oor alles wat ons weet en na jare sonder enige verandering in die praktyk raak ons teleurgesteld in die Vader! In hierdie hele proses reik ons net uit om ander van ons groot openbaringskennis en groot predikers te vertel, maar nie soseer om mense te dissipel nie. Daar is 'n spreekwoord wat sê: "It is not about the impartion of information, but the transformation of life!" Mense doen baie kennis op, maar hulle lewenswyses transformeer nie dienooreenkomstig nie.

Dit is belangrik om te besef dat mense in die algemeen net leer deur *ervaring* en *betrokkenheid*. Mense moet *blootstelling* aan 'n saak kry en dan moet hulle *verantwoordelikheid* opneem in daardie area. Sukses is reproduksie! Sukses is wanneer jy die saak kan leef en ander mense gehelp het om dit te leef! Sukses is nie die blote oordrag van kennis en die weergee van daardie inligting nie. Sukses is om die lewe te leef wat Jesus op aarde geleef het! Sukses is nie om mense bymekaar te maak, kursusse aan te bied en ander mense van hulle dogmatiese opinies te probeer verander nie! Iemand sal net die Christelike lewe kan leef indien hy Christus in homself ontdek, hierdie lewe voor hom geleef sien deur ander mense en self die verantwoordelikheid opneem om daardie lewe te gaan leef en reproduseer. Die praktyk, naamlik om iets self te doen, of indiensopleiding, is eintlik die enigste effektiewe opleiding, veral in geestelike sake.

'n Verdere fasset wat baie belangrik is, is dit waarmee ons opleiding doen. Dat daar 'n enorme hoeveelheid hulpmiddels op die mark is, is 'n feit. Dat die meeste daarvan goed is, is ook 'n feit. Tog het dit gemeentewees baie meer ingewikkeld en baie duurder gemaak, sodat dit nie meer vir almal toeganklik is nie. 'n Vaste beginsel in die Woord is dat as iets 'n oplossing is, dit vir almal toeganklik en bekostigbaar is. Baie min van ons westerse gemeentewees is regtig reproduseerbaar in die derdewêreldse lande waar daar relatief min organisasie en finansies is. Die Woord is nie teen organisasie en finansies nie, maar moet nog steeds reproduseerbaar kan wees, selfs met baie min daarvan. Die evangelie is 'n hartsaak en versprei via verhouding, al is die omstandighede nie so goed nie. Die evangelie bring voorspoed en ontwikkeling, maar kan ook enige area daarsonder penetreer. Die evangelie word in harte gelewe en bewaar, en geen gemeentemodel is veronderstel om harte in te perk of van inisiatief te ontnem nie.

In ons hedendaagse opleiding maak ons baie van materiaal gebruik wat soms redelik Woord bevat, maar ons lei nie regtig mense met slegs die Woord op nie. David Watson het geen klaskameropleiding in Indië gehad en geen ander boek is ooit gebruik behalwe die Bybel nie! Tog was daar bevind dat die kwaliteit van hulle leiers in Woord en bedieningsvaardigheid beter is as 75% van die teologiese studente van die Southern Baptists in Amerika! Die Woord is inderdaad genoeg vir enige opleiding en kan so gebruik word. Geeneen van ons definiërings in boeke en kursusse is beter as die van die Vader in die Woord nie! Laat ons mense aanmoedig om openbaring direk by die Vader in Sy Woord te gaan haal en nie voortdurend in ons boeke en preke nie.

Dit is beslis ook nie verkeerd om papiere of notas te gebruik nie. Die tendens is egter dat al ons geskryfte geneig is om die Woord te verdwerg en ons die Woord net gebruik en aanhaal om ons standpunte te bevestig. Die Woord is nie gegee om enige prediker se teologie te bevestig nie. Die Woord is gegee as die Vader se liefdesbrief waardeur Hy self met Sy kinders wil praat en hulle oplei. Die Woord is inderdaad die begin en einde van alles en geen jota of tittel kan daarby bygevoeg word deur enige prediker nie. Ons bely so maklik dat die Woord genoegsaam en volledig is, maar in die praktyk sit elkeen maar weer sy deeltjie by.

In I Sam.3:1 staan daar: “En die seun Samuel het die Here gedien voor Eli, en die woord van die Here was skaars in die dae: gesigte was daar nie baie nie.” Ons het so baie Bybels op ons rakke, maar tog het die Woord van die Here skaars geraak in ons dae. Kol.3:16 sê: “Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid. Leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere, en sing in julle hart met dankbaarheid tot eer van die Here.” Laat ons weer ‘n generasie dissipels op die markplein kry wat Woord mense is in woord en in daad!

OPSOMMING

- 1) Die gemeente is die middel tot die doel. Die doel is om die wêreld te bereik! Die middel moet gestruktureer word om die doel uit te voer!
- 2) 'n Selbyeenkoms sonder sellewe daarrondom is nie veel werd nie en net weer 'n program!
- 3) Ons is nie hier om God se werk te doen nie, maar net gehoorsaam te wees aan dit wat Hy ons vra!
- 4) Die doel van dissipelskap is om deur gehoorsaamheid aan God se Woord dissipline in elke area van mense se lewens te kry!
- 5) Jesus is ons Here, sodat ons Hom moet gehoorsaam al is Hy ons broer!
- 6) Die Heilige Gees stel ons in staat om God die Vader 100% te gehoorsaam, want die lewe van die inwonende Jesus in ons het die Vader 100% gehoorsaam!
- 7) Die kerk is nie veronderstel om in haar vol program darem ook sending te doen nie, want die hele kerk het nie net 'n sending nie, maar ons almal is die sending. Enigiets anders op die program druis in met ons sending!
- 8) Die kerk het nie sendelinge in ander lande nie, maar ons is almal sendelinge wat gestuur is na die heidenland!
- 9) Alle gelowiges het 'n voltydse roeping en moet dit voltyds in hulle opdrag in die heidenwêreld uitleef!

10) Jy is nie op 'n sending om jou eie unieke bediening te volbring nie, maar het aangesluit by die Vader en Sy sending!

11) Die kerk het nie 'n sending om uit te voer nie. Die kerk is 'n uitvloei van 'n sending van die Vader in Sy Seun en word daarom die sending op aarde!

12) Jou verantwoordelikheid as gelowige is nie om in die eerste plek by 'n kerk aan te sluit nie, maar by 'n sending. As jy by die sending aangesluit is, sal jy ook by die gemeente aangesluit wees.

13) Christene spandeer meer tyd en energie om hulle eie sendings of bedienings te vestig as om maar net by die Vader se sending aan te sluit. Ons vind ons eie identiteit in ons eie bedienings en nie in die Vader se hart en in Sy sending nie!

14) As jy algeheel met die Vader se sending besig is, kan niemand vir jou 'n bedreiging of kompetisie wees of iets by jou steel nie, want jy het niks wat jou eie is nie!

15) Gelowiges is ongemotiveerd omdat hulle nie weet hulle is die sending nie. Geen preek of prediker kan 'n gelowige gemotiveerd hou nie, net die hart van die sending kan!

16) Mense leer net deur ervaring en blootstelling. Hulle moet blootstelling kry en die verantwoordelikheid opneem aangaande hulle eie lewe.

17) Mense moet so veel as moontlik vanuit die Woord geleer word en nie met kursusse wat net selektief Woord bevat nie!

